



Breyten se Bonnievale

In die mooi vallei van kaas en wyn is verborge monumente wat sowaar aan die Taj Mahal herinner, het Minette Brink ontdek.

“Geb. 16 Sept. 1939, Bonnievale.” Só lui die titel van ’n gedig uit die bundel *Die ysterkoei moet sweet*.

Breyten Breytenbach sou nêrens anders as op Bonnievale in die Wes-Kaap gebore kon gewees het nie. Waar anders kry jy ’n dorp met ’n kerkie opgerig vir ’n sewejarige, ’n perd as ereburger, ’n watertonnel wat deur ’n krans geskiet is en galbitter wondersap?

Teen 1893 was leenplase soos Bruin-tjiesrivier, Janharmgat (vandag Nooitgedacht), Boesmansdrift, Angora en Gelukshoop goed gevestigde weidingsplase in die Breederiviervallei.

In 1898 het die New Cape Central Railway ’n spoorlyn van Worcester tot op Riversdal gebou. Met die spoorlyn

het die formidabele Skot en ingenieur Christopher Forrest Rigg oor die jare nie net implemente vir ’n waterkanaal laat aanry nie, maar ook die boumateriaal vir ’n kerk met ’n bittersoet verhaal.

Christopher het in 1863 as tweejarige saam met sy ouers van Phyton in Skotland na die Barbertonse goudvelde in die destydse Transvaal geëmigreer. Hy het as jong man as dinamietskieter op die goudmyne gekwalifiseer en in 1894 met Lilian Moon van die Robertson-distrik getrou. Die egpaar het in 1900 na Bonnievale verhuis.

Maar Bonnievale het eers ’n ander naam gehad. Dele van die oorspronklike plaas Boesmansdrift sou deur die jare van eienaar verwissel en later bekend

raak as Bonnievale en Riggton, als te danke aan ’n Skot.

In 1898 het twee vennote, ’n Duitser net bekend as Dieterlie en Ernest de Wet, besluit om ’n waterleivoor te bou vanaf die Kogmanskloofrivier se inloop in die Breede na hul onderskeie plase. Maar ná ’n uitmergelende gewrawery van oor die drie kilometer het hulle teen loodregte kranse te staan gekom. Tot daartoe en nie verder nie.

Christopher het die twee se aandeel en eiendom gekoop en die grond Bonnie Vale, Skots vir “mooi vallei”, genoem. Hy het toe vyf jaar lank ’n verbeterde stryd gevoer om water met houtgeute, pilare en kables aan rotswande geanker om die Olifantskrans (ook genoem die

Olifantskop) te lei. Maar telkens wanneer die eerste winterreën en die rivier afkom, vee die natuur al sy sweet-en-bloed-arbeid met een slag plat.

Toe, op 1 Januarie 1906, het sy Skotse humeur tesame met mynkennis hande gevat en het hy besluit: ’n 700 voet (meer as 200 meter)-tonnel déur die berg sal dit wees. Honderd handlangers, 80 kiste dinamiet en een jaar later het die water deur die kranse geborrel.

Christopher het nie net lewensvrogte, maar ook ander lewe na Bonnievale gebring: mense.

Met kantore in Londen en Seepunt het hy meesal Engelse na die vallei gelok. Plekname soos Norriston, Parkstone en Nordale getuig daarvan.

Ná die ineenstorting van die volstruisbedryf in 1914 het boere na die vallei gekom. Van die eerste Afrikaanse mense was Swanepoels, Moelichs en Du Preez’s. Ná die voltooiing van die Brandvleidam in 1923 het wingerd en vrugte floreer waar voorheen met lusern, mielies en volstruise geboer is.

Tog bly Christopher se ongelooflike erfenis die kerkie in Bonnievale.

Uit die Rigg-huwelik is drie dogters gebore: Mabel, Gladys en Mary Myrtle.

Hy het op ’n tunnel déur die berg besluit, en ’n jaar later het die water deur die kranse geborrel.

Mabel het op twee maande gesterf en Gladys op nege maande. Klein Myrtle se lewensvreugde en diepe geloof in God het van haar ’n geliefde kind in die gemeenskap gemaak.

Maar in 1911, op sewejarige ouderdom, het Myrtle breinvliesontsteking gekry. Op haar sterfbed het sy haar pa laat belowe om ’n kerkie ter herinnering aan haar en haar geloof te bou.

In 1924 is die eerste diens in die Normandiese-styl kerkie gehou en dit is sover bekend die enigste kerk ter wêreld wat op versoek van ’n kind gebou is.

Die marmer vir die vloer is van Italië ingevoer en die loodglasvensters van Brittanje. Die deur is van Zanzibar, waar dit as tronkdeur gebruik is, en wat tydens die oprigting van die kerk reeds oor die 300 jaar oud was. By die ingang van die Myrtle Rigg-gedenkkerk is ’n

Doendinge

Die **Myrtle Rigg-gedenkkerk**, Myrtle Rigglaan, kan per afspraak besigtig word. Die sleutels is by die Bonnievale-toerismekantoor in Hoofstraat. Bel 023 616 3753. Toegang is gratis, maar donasies is welkom.

Die **Brede River Goose** neem jou op die Breederivier waar jy kan swem, visvang, voëlkyk of net terugsit en ontspan. R60 per volwassene en halfprys vir onder 12’s. Neem eie eet- en drinkgoed saam. Klim af vir ’n oewerbraai of laat die Goose se spyseniers jou bederf (teen ekstra betaling). Bel 082 759 5727, breederivergoose@xsinet.co.za.

Die **Museumkafee en -galery**, Hoofstraat, vir tuisgebak en tee uit ragfyn Victoriaanse teekoppies wat jy self uitkies. Bel 023 616 3932. Maandag tot Vrydag van 8:30 tot 16:30. Saterdag en openbare vakansiedae van 10:30 tot 14:30.



Myrtle Rigg-gedenkkerk.

Die **Ouwe Werf-Saterdagmark**, Hoofstraat, vanaf 11 Oktober elke Saterdagoggend. Vars plaasprodukte, handwerk, handgemaakte sepe en olies, vleis- en kaasprodukte asook die omgewing se beste wyne sal beskikbaar wees. Bel 082 908 6028.

Parmalat se kaasfabriekswinkel, 023 616 2370, www.parmalat.co.za.
Bonnievale-wynkelder, 023 616 2795, www.bonnievalecellar.co.za.
TimJan, 023 616 3056, www.timjanwonderjuice.co.za.

Perdry, visvang, staproetes en vele meer. Bel 023 616 3563, info@route62.co.za, www.route62.co.za.



beeld van Myrtle en daaragter 'n geskilderde roosboom met sewe rose wat haar lewensjare voorstel.

Nog 'n driftige en groot gees van Bonnievale was oom Daantjie le Roux van die plaas Kapteinsdrift. Nes die dorp se stigter het oom Daantjie 'n pasie vir Bonnievale gehad. Hy en sy pa, DP, was kranige resiesperdtelers van onder meer weners soos Excise en Jungle Warrior. Die perde was July-, Gold Cup- en Met-weners.

Die beste van als is dat Jungle Warrior in 1990 met groot swier en seremonie as ereburger van Bonnievale aangewys is. (Het jy geweet dat alle renperde suid

van die ewenaar op 1 Augustus verjaar? Omdat die ouderdomme van renperde so belangrik is in wedrenne en dit bykans onmoontlik is om elke perd se presiese geboortedatum aan te teken, het telerverenigings wêreldwyd ooreengekom op dié datum. Perde paar in die lente en merries is normaalweg vir 11 maande dragtig. Daarom dié datum.)

Oom Daantjie se versameling oudhede word in Die Museumkafée en -galery in Hoofstraat uitgestal. Van Robbie Leibrandt se pistoolsak tot die oorspronklike plan van klein Myrtle se gedenkkerk is daar te sien. Cathy Joubert, die kurator, sal tuisgebak voorsit

terwyl jy na His Master's Voice-grammafoonplate luister en ander wonders van die verlede ontdek.

Ná al die soet wil 'n mens dalk verder af in Hoofstraat gaan kennis maak met TimJan-wondersap.

"Bitter in die mond maak blakend gesond," is die slagspreuk vir hierdie sap, wat op 'n kombuistafel sy ontstaan gehad het.

Veertig jaar lank het Tim Pollard se familie hul eie boereraat van aalwynsap (*Aloe ferox*) en port gemeng. In 1998 het sy vriend Jan van Wyngaard die resep verfyn, 'n naam en etiket wat aandag trek op die "gal" geplak en siedaar, TimJan verkoop dat die sap so spat.

Hoewel TimJan aanvanklik gebruik is vir artritis, rumatiek en jig, het navorsing getoon dat dit omtrent alle kwale en geite kan wegdokter. Volg maar die aanwysings, dis bittersoetbitter.

Dan weer, die lekkerste medisyne op die mooie Bonnievale is Breyten-soetbitter:

ek maak die venster oop
en die son kom drink
met 'n helder tong
aan die wyn in my glas

Uit: *die gat in die lug. vir ons huis* –
Breyten Breytenbach

Van hier tot daar

Neem die N1 vanuit die Kaap tot op Worcester. Van daar die R60 na Robertson en weer die R317 tot op Bonnievale. Die mooiste roete is die N2 verby Caledon. Sowat 24 kilometer na Riviersonderend, draai links op die R317 na Bonnievale.

Blyplekke

Angora Stud Cottages – 28 persone kan in The Stables se selfsorg-eenhede bly. Vanaf R100 tot R150 p.n.p.p. Die Lavender Cottage (selfsorg) huisves ses persone en kos R900 p.n. Bel 083 270 8490, rozitha@pleroma-cape.co.za of besoek www.angorastudcottages.co.za.

Amanzi Cottages – huisves tot ses persone per selfsorg-eenheid. Vanaf R250 p.n.p.p. (minstens twee persone) tot R150 p.n.p.p. vir ses persone. Bel 082 871 9730, info@amanzicottages.co.za of besoek www.amanzicottages.co.za.



Die lewe is 'n lied op Bonnievale.

WEN 'n naweek vir twee by die Lavender Cottage ter waarde van R1 800. SMS Bonnievale, jou naam en antwoord na 34419 of pos jou inskrywing met jou naam, kontakbesonderhede en antwoord na Mooiloop/Bonnievale-kompetisie, Posbus 22, Howard Place, Kaapstad 7450. Of neem aanlyn deel by www.mooiloop.co.za. Die kompetisie sluit 21 Oktober 2008. Die kompetisieëls is op bladsy 143. SMS'e kos R2 elk.

Vraag: Van watter plant word TimJan-produkte gemaak?